Sondag 23 Julie 2023 Marcel Floor

## Liturgie:
Votum & Seëngroet
Lied 197:1-2
Geloofsbelydenis: SB 12-3:1-2
Opsomming van die Wet: Rom. 13:8-10 2020AV
Ek en God alleen
Lied 530:1-3
Gebed
Kinderkerk word verskoon
Ps 9-2:1, 5 & 6
Skriflesing: Matt. 10:1-33 (83 AV)
Fokus: Matt. 10:32-33 (83 AV)
Tema: As Jesus oor jou begin praat...
Preek
Gebed
Dankoffer vir die diens van barmhartigheid
SB 18-7:1, 3 en 12
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:

**Tema: As Jesus oor jou begin praat...**

**Inleiding**
**A:**

1. Matteus 10 – Jesus se uitsendingsrede.
2. Die uitsendingsrede begin deur te vertel dat Jesus sy 12 apostels geroep het, en aan hulle mag gegee het om allerlei tekens te doen om die evangelie te vergesel, en ons hoor ook die name van die 12 apostels. (v. 1-4)
    a. “Apostel” beteken “gestuurde”.
    b. Ons is almal eintlik apostels want ons is almal gestuurdes na die wêreld.
3. Jesus gee vir die twaalf apostels hulle opdragte. (v. 5-15)
    a. Gaan eers na die verlore skape van Israel. (v. 5-8)
    b. Hulle moenie self sorg vir hulle inkomste nie – vertrou God daarvoor. (v. 9-10)
    c. Hoe moet hulle mense hanteer wat hulle goedgesind ontvang óf nie. (v. 11-15)
4. Jesus se waarskuwing van vervolging wat voorlê. (v. 16-25)
    a. Die vervolging van die apostels.
    b. Ons eie vervolging?
    c. Jesus se perspektief op vervolging: Dit bied ŉ geleentheid om van Jesus te getuig. (v. 18)
    d. Jesus se belofte wanneer ons vir Hom getuig: Die Heilige Gees sal ons help met ons woorde. (v. 19-20)
5. Die vooruitsig van vervolging wanneer mens gestuur word kan mens bang maak.
6. Drie keer: Moenie bang wees nie! (v. 26-31)
    a. Moet verál nie bang wees vir mense wat net iets aan jou liggaam kan doen nie. (v. 26, 28)
    b. Vrees eerder God wat sowel jou liggaam en siel in die hel kan laat vergaan. (v. 28)

   c. Jesus se motivering hoekom ons nie moet bang wees nie: "*Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel*." (v. 29-30)

7. Gestuurdes kan soms Jesus verloën. (v. 33)
   a. Wat beteken dit om Jesus te verloën?
   b. Dit kan met ons almal gebeur.
   c. Hoe reageer Jesus teenoor mense wat Hom aanhou bly verloën?
   d. Maar aan die ander kant: as jy van Jesus voor die mense begin getuig dan begin Jesus oor jou praat! (v. 32)

**Slot**